NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  Magaliesberg Jeugkampterrein: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.

29 Julie 2022: Nr 26/2022

Warmnuus

Sinodesitting 16-20 Oktober

Belangrike datums:
* Inhandiging van beskrywingspunte: *31 Julie*.
* ***Geloofsbriewe 12 Augustus*** - Kliek hier vir 'n proforma-geloofsbrief.

Verblyf
Afgevaardigdes word in chalets gehuisves. Daar is egter ook karavaanstaanplek beskikbaar. Kontak asb. vir Hermien (hermien@noordsin.co.za) nie later nie as *31 Augustus* indien jy graag met jou karavaan sou wou kom.

Sakelys
Afgevaardigdes sal in September 'n volledige sakelys elektronies ontvang. Hierdie sakelys sal as gelese beskou word wanneer die vergadering begin. By registrasie op *16 Oktober*, sal elke afgevaardigde 'n verkorte, gedrukte werksweergawe van die sakelys met die oog op die vergadering ontvang.

Afgevaardigdes word dus aangemoedig om die volledig sakelys elektronies saam te bring. Alternatiewelik sou afgevaardigdes die volledige sakelys by die gemeente/huis kon uitdruk en as 'n hardekopie saambring.

Lentekonferensie - 20-22 September 2022
*Vanjaar se konferensie word **slegs aanlyn** aangebied*.
Kliek hier vir die *voorlopige brosjure*. Inskrywingsvorm sal binnekort beskikbaar wees.

Sinodenuus

Sinodesitting
Wysheid in 'n tyd soos hierdie

Familiefees
Inligting rakende die sinodesitting word weekliks in die Verskil gepubliseer. Daar is telkens nuwe inligting. Die vorige inligting is alles op die webwerf beskikbaar. Kliek hier vir die volledige inligting tot op hede.

Koste van afgevaardigdes
Die koste van afgevaardigdes vir die sinodesitting, *16-20 Oktober* te Weesgerus, werk soos volg:
Die Sinode betaal die verblyf- en venuekostes, asook vervoerkoste met dien verstande dat afgevaardigdes saam ry.
Elke gemeente staan in vir sy afgevaardigdes se etes. Die bedrag per persoon sal binnekort beskikbaar wees.

Naderende aftrede

Aftreesessie vir predikante en amptenare binne vyf jaar van aftrede
12 Augustus per Zoom. **Kliek hier** vir volledige besonderhede. Bevestig asb. jou bywoning.

❖ Tekslees met 'n verskil

Datum: *2 Augustus*
Skriflesing: *Job 42:7-16*
Kontak vir Kobus Myburgh (083 227 7185) of vir Fanie Cronjé (083 415 1452).
Zoom Meeting: **Kliek hier**; **Meeting ID**: 921 9767 1478; **Password**: 453371

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Innige simpatie

Danie Steyn [Emeritus (98) en vroeër ook leraar van Pretoria-Oos, Rustenburg, Wonderboom, asook hoof van Radio-kansel] is oorlede. Hy is die skoonpa van Danie Ferreira [Pretoria-Tuine]. Sy gedenkdiens vind op Sondag *14 Augustus* om 11:00 by NG Pretoria-Tuine plaas.

❖ Beroepe / Bevestigings

<< Goosen Thompson [Richardsbaai] word op Sondag *31 Julie* by **Brits** bevestig.

>> Jana de Lange [Universiteitsoord] ontvang op *31 Julie* demissie. Sy lewer haar afskeidspreke om 9:30 en 19:00.

<< Nicky Hattingh [Sanddrift] word op Sondag *31 Julie* by **Krokodilrivier** bevestig.

>> Willem Pelser [Roedtan] ontvang op *31 Julie* demissie by Roedtan. Hy lewer om 09:00 sy afskeidspreek.

❖ Emeritaat

>> Tjaart Meyer [Pietersburg-Oos] ontvang op Sondag *31 Julie* om 10:00 sy Akte van Emeritaat. Hy bly in 'n kontrakpos aan by die gemeente.

❖ Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar:
05/08 Nico van der Westhuizen [Emeritus]

01/08 Ina Bosman [Eggenote van Tienie Bosman, Suidoos-Pretoria]
Inge Laubscher [Eggenote van Johan Laubscher, Rietfontein-Noord]
04/08 Ivan Forrest [Eggenoot van Nicole Hamman-Forrest, Waterkloofrif]
05/08 Lynette Vivier [Eggenote van André Vivier, Emeritus]
06/08 Gerda Strauss [Eggenote van Deon Strauss, Rustenburg-Proteapark]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae

Baie geluk!
Kerk-in-Suid [04/08/1982]

❖ Universiteitsoord

Winterkonsertreeks
Soos altyd, is ons orrelkonserte gratis, maar donasies word verwelkom en word aangewend vir die instandhouding van ons pragtige orrel.
29 Julie 19:00 – Another night at the movies. Bespreek kaartjies by kantoor@universiteitsoord.co.za.
11 Augustus 19:00 – Die Orrelis Wolfgang Zerer van Hamburg: R100

14 Augustus 11:00 – Orrel en trompet met Pieter van den Berg en Braam van Tonder: donasie.

21 Augustus 11:00 – Die Orrelis Theo van Wyk: donasie.

Skarrejag 2022

13 Augustus [08:00 tot 13:00] - **Universiteitsoord** is vreeslik opgewonde oor vanjaar se derde Skarrejag! Die skattejag-resies gebeur in die omgewing van die kerk waar elke span per motor 'n aantal bakens (pit stops) moet besoek, vrae beantwoord of eenvoudige aktiwiteite moet voltooi. Registrasie begin 08:00 by die kerk. Die wegspringtyd vir almal is eers 10:00. **Inskrywings** is nou oop: **www.universiteitsoord.co.za**.

Greenleaf

Borg 'n inspirasie, 'n droom, lewensvaardighede vir 'n student of tiener as deel van 'n lewensveranderende Christelike kamp. Stuur jou huishulp/tuinwerker se kind (16 jaar en ouer) op 'n heerlike kamp en skenk hulle 'n wonderlike geestelike ervaring en groei vir slegs R300. Jy kan ook 'n donasie gee om studente of tieners wat nie aan jou bekend is nie te borg. Die kamp is werklik lewensveranderend!
Wanneer: *16-19 September*; **Waar**: Altelekker Jeugkampterrein;
Vir meer inligting of navrae: charlotte.sibanyoni@up.ac.za.

❖ Pretoria

Bejaardes in die middestad

Versoek: *Gemeentes se bystand tot die Brood- en Doeke-fonds vir bejaardes sal baie waardeer word.* **Kliek hier** en lees die volledige brief.
Vir verdere inligting*: Elize Steenkamp [012-344 1860 / info@pretoriachurch.org].*

❖ 'n Geestelike tuiste vir wêreldreisigers

Die SA Gemeente in Londen bedien hoofsaaklik Suid-Afrikaners wat in Engeland woon. Eredienste word op vyf verskillende plekke regoor die land gehou. Hulle wil graag 'n geestelike tuiste bied waar lidmate mekaar kan bedien en toerus om die Here se liefde te deel daar waar hulle elke dag leef en werk.

As julle weet van iemand wat op pad is Engeland toe, onthou asseblief om hulle te vertel dat daar 'n gemeente is wat hulle graag op hulle nuwe reis wil help om tuis te kom.

* Vir verdere navrae, kontak dr. Ferdie Clasen by ferdie@sagemeente.com of WhatsApp +447881092750.
* Laai gerus ook die gratis app af (soek onder SA Gemeente), volg hulle op Facebook of besoek hulle webwerf.

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling.

* Volledige jaarprogram vir 2022

Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za
Besoek Excelsus se webwerf: http://www.excelsus.org.za/

Lewe vóór en ná aftrede

Sinvol besig tot en met én na aftrede - *2 en 3 Augustus* [08:30-16:30]
VBO: 20 punte **[Kliek hier** vir volledige inligting. **Sluitingsdatum** is *29 Julie*]

Pastorale berading

Wanneer die liggaam rebelleer: die vernietigende invloed van onderliggende stres, verliese en pyn – *6 Augustus* [08:00-13:00]
VBO: 10 punte
Plek: Studente Hervormde Kerk – Silwer str 19, Potch (net langs klein kragstasie) - [**Kliek hier** vir die volledige inligting]
* Hierdie kursus sal ook via Zoom aangebied word op Woensdagoggend *10 Augustus* – indien u hiervoor wil registreer kan u aan ons 'n epos stuur wentzelc@gmail.com.

Lees die Bybel

16-17 Augustus [08:30-16:30]
In hierdie ***aanlyn*** werkswinkel word daar gefokus op die ***Nuwe Testament*** as dokument vir evangelisering wat as die hartklop van 'n missionale ekklesiologie beskou kan word.
VBO: 20 punte; **Inskrywing**: **https://forms.gle/zB6p3NxA9n883BpE7** [**Sluitingsdatum** is *12 Augustus*]
[**Kliek hier** vir die volledige inligting.]

Jeugbediening (gevorderde kursus)

Kursus aangebied deur die Sentrum vir Geloof en Gemeenskap by UP
6 - 8 September; 14 – 17 November 2022; *15 – 19 Januarie 2023*; *Verhandeling Maart 2023* [**Kliek hier** vir volledige inligting]

❖ Communitas

Pentecostals & Charismatics in an Ecumenical Church in the South African Context

Hybrid-Conference: *2-3 August*
Registrations: https://forms.gle/Ta2DeZh6Rjqa9yfb7
Kliek hier vir al volledige besonderhede.
Navrae: Bridget Leibbrandt [bleibbrandt@kaapkerk.co.za.

Ander nuus

❖ Vakatures

Universiteitsoord

Musiekleier (Aanderedienste) – **Sluitingsdatum**: *29 Julie* – **Kliek hier** en lees meer. Slegs kandidate wat die amptelike aansoekvorm voltooi het, sal in oorweging kom. Aansoekvorms is per e-pos by kantoor@universiteitsoord.co.za beskikbaar. Kontak asb die kerkkantoor by 012 362 0663 of Flip Erasmus [082 922 4422] met enige navrae.

Raslouw

Orrelis (oggenddiens) - **Sluitingsdatum:** *31Julie 2022* – Die behoefte is 'n bekwame orrelis wat die gemeente op 'n kreatiewe wyse met die orrel en klavier kan begelei om ons samesang potensiaal te ontwikkel.
Kliek hier en lees verder. Navrae: Voorsitter: Erediensbediening (Charles Ross) – 082 785 5013.

Kerkbode Vakatures: **Kliek hier** vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

Christelike Lektuurfonds

Nuusbrief: **Kliek hier** om die kleurvolle Julie-nuusbrief te lees.

Naskrif